education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**REKENINGKUNDE**

**HOËR GRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2006**

**401-1/0 A**

**Punte: 400**

**3 Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**

REKENINGKUNDE HG
Vraestel & Antwoordboek

401 1 0A HG

X05

*Kopiereg voorbehou*

**HIERDIE BLADSY MOET BLANKO GEHOU WORD**

**INSTRUKSIES**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.

3. Toon AL die berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.

4. Lees die instruksies noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.

5. Kandidate sal punte verbeur vir:

   5.1 Weglating van belangrike datums
   5.2 Gebruik van niegestandaardiseerde afkortings
   5.3 Oormekaarskryf van syfers
   5.4 Onnodige inskrywings/vreemde items/beginselfoute

6. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Geen bladsye mag uit die antwoordeboek verwyder word nie. Die antwoordeboek maak voorsiening vir alternatiewe formate van finansiële state.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn vir die beantwoording van die vraestel en probeer om nie daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYDGIDS Minute |
|---|---|---|---|
| 1 | Rekeningkundige vergelyking Vennootskap | 50 | 22 minute |
| 2 | Bateverkope | 35 | 16 minute |
| 3 | Periodieke voorraadstelsel | 48 | 22 minute |
| 4 | Maatskappy | 94 | 42 minute |
| 5 | Klub | 74 | 34 minute |
| 6 | Beslote korporasie | 67 | 30 minute |
| 7 | Kontantbegroting | 32 | 14 minute |
| | **TOTAAL** | **400** | **180 minute** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

**VENNOOTSKAPPE** **(50 punte; 22 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Jakaranda Handelaars, vennote J. Jak en C. Randa, vir September 2005.

**OPDRAG:**

Op die antwoordblad voorsien, dui die rekeninge in die **Algemene Grootboek wat gedebiteer en gekrediteer** moet word aan, die **bedrag** asook die **effek op die rekeningkundige vergelyking** in verband met die volgende transaksies vir September 2005.
Volg die voorbeeld wat gegee word.

**LET WEL:** Neem aan dat die banksaldo te alle tye **ongunstig** is.

Indien daar meer as een inskrywing vir 'n transaksie is, is dit **NIE** nodig om die **netto effek** van al die transaksies te toon **NIE**. Indien daar geen effek is nie, moet dit met 'n '0' aangedui word.

Die **deurlopende voorraadstelsel** is in gebruik.

Jakaranda Handelaars maak van **kontrolerekeninge** in die Algemene Grootboek, asook van **hulpgrootboeke** vir die persoonlike rekeninge van die Debiteure en Krediteure gebruik.

**VOORBEELD:**

'n Tjek van R800 is ten gunste van BB Handelaars uitgereik ter betaling van skryfbehoeftes, R200 en R600 vir die aankoop van goedere.

| Nr. | ALGEMENE GROOTBOEK | | | REKENINGKUNDIGE VERGELYKING | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Rekening gedebiteer** | **Rekening gekrediteer** | **Bedrag** | **Bates** | **Eienaars-belang** | **Laste** |
| Bv. | Skryfbehoeftes | Bank | 200 | 0 | - | + |
| | Handelsvoorraad | Bank | 600 | + | 0 | + |
| | | | | | | |

Kopiereg voorbehou 

**INLIGTING SEPTEMBER 2005:**

1. Goedere op krediet aangekoop van Poppy Groothandelaars, R1 800 min 10%-handelskorting. Een derde van die goedere is vir vennoot J. Jak se persoonlike gebruik aangekoop.

2. Jakaranda Handelaars het op 15 September 2005 'n rekenaar vir kantoorgebruik teen 'n kosprys van R10 000 van IT2U aangekoop. 'n Deposito van R2 500 is op dieselfde datum betaal. Die saldo sal in 6 gelyke paaiemente van R1 250 elk vanaf die volgende maand betaal word.

3. 'n Tjek ten bedrae van R40 560 is ontvang van Rand Bank ten opsigte van 'n vaste deposito wat verval het. Die bedrag sluit rente teen 12% per jaar vir vier maande in.

4. Vennoot C. Randa het gedurende September haar maandelikse salaris vir September en Oktober per tjek onttrek, teen R11 000 per maand.

5. 'n Tweedehandse kasregister, gewaardeer teen R3 400, is van R. Naidoo aanvaar, as betaling van sy skuld, R3 600. Sy skuld is reeds verlede jaar afgeskryf.

**Aansuiwerings op 30 September 2005 – die einde van die rekenpligtige tydperk. (Toon slegs aan hoe al die aansuiwerings gedoen sal word. Dit is nie nodig om die sluitingsoordragte te toon nie.)**

6. Vennoot C. Randa verdien 'n maandelikse salaris van R11 000.
(Sien punt 4 hierbo.)

7. Die vennote is geregtig op 15% p.j. rente op hulle maandelikse saldo's van hulle kapitaal-rekeninge. Hulle het hulle bydraes op 1 Januarie 2005 vermeerder/verminder sodat hulle bydraes gelyk sou wees. Besonderhede van hulle kapitaalbydraes is soos volg:

| KAPITAAL | J. JAK | C. RANDA |
|---|---|---|
| Saldo op die laaste dag van die vorige jaar | 400 000 | 200 000 |
| Addisionele kapitaal bygedra | | 100 000 |
| Vermindering in kapitaal | 100 000 | |
| **Saldo op die laaste dag van die huidige jaar** | 300 000 | 300 000 |

**50**

## VRAAG 2

**BATEVERKOPE** **(35 punte; 16 minute)**

Die onderstaande inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van BB Couriers. Die finansiële periode eindig op 28 Februarie elke jaar.

**OPDRAG:**

Gebruik die gegewe inligting om die volgende te beantwoord:

2.1 Voltooi die kolomme van die materegister deur die Waardevermindering, asook die Opgehoopte Waardevermindering op Voertuie ten opsigte van voertuig MGN111GP vir elke jaar te bereken. Al jou berekeninge moet tussen hakies in die kolomme voorsien, getoon word om deelpunte te verdien. (18)

2.2 Bereken die wins/verlies op die bate wat verkoop is op 31 Mei 2004. (8)

2.3 Bereken die bedrag vir boekwaarde (drawaarde) van die voertuie op 28 Februarie 2005, soos wat dit in die Balansstaat sal verskyn. (Die nota word nie verlang nie.) (9)

**LET WEL:** Al die berekeninge moet getoon word, aangesien deelpunte daarvoor toegeken sal word.

**INLIGTING:**

| **INLIGTING OP DIE BATEREGISTER VAN VOERTUIE VAN BB COURIERS** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Voertuig se registrasie-nommer** | **Datum aangekoop** | **Datum verkoop** | **Kosprys** | **Opgehoopte waardever-mindering 28 Februarie 2005** |
| HLN298GP | 1 Januarie 2002 | | R 90 000 | R45 456 |
| MGN111GP | 1 September 2002 | 31 Mei 2004 | R180 000 | 0 |
| RGB390GP | 1 Junie 2004 | | R240 000 | ? |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. BB Couriers verminder hulle voertuie se waarde teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode.
2. Voertuig MGN111GP is op krediet aan PD Valla vir R130 000 verkoop.
3. Voertuig RGB390GP is op krediet van Reliable Motors aangekoop.

**35**

## VRAAG 3

**PERIODIEKE VOORRAADSTELSEL** **(48 punte; 22 minute)**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Monare Handelaars, eienaar Mark Monare, 'n onderneming wat sy boeke volgens die **periodieke voorraadstelsel** byhou. Monare Handelaars adverteer dat hulle die pryse van enige mededinger sal ewenaar of verbeter. Hulle gebruik 'n winsopslag van 25% op kosprys.

**OPDRAG:**

3.1 Voltooi die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek op 28 Februarie 2005. Saldeer/Sluit die rekeninge af op 28 Februarie 2005 **- die einde van die rekeningkundige tydperk.**

- Aankoperekening (10)
- Handelsrekening (18)

3.2 Monare Handelaars maak gebruik van 'n winsopslagpersentasie van 25% op die kosprys wanneer verkooppryse op goedere vasgestel word.

3.2.1 Bereken die werklike winsopslagpersentasie wat gedurende die rekenpligtige tydperk behaal is. (4)

3.2.2 Bereken die omsetsnelheid van die voorraad vir die rekenpligtige tydperk. (4)

3.3 Beantwoord die probleemoplossingsvraag wat volg.

| *Uittreksel uit:* **VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2005** | **R** |
|---|---|
| Handelsvoorraad (1 Maart 2004) | 481 000 |
| Krediteurekontrole | 46 800 |
| Aankope | 378 000 |
| Verkope | 913 500 |
| Debiteure-afslag | 95 700 |
| Vraggeld op aankope | 5 792 |
| Doeanebelasting | 5 400 |
| Ander oorhoofse koste/bokoste | 105 000 |

**AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Voorraad met 'n kosprys van R1 280 is op 15 Februarie 2005 aan 'n tehuis vir straatkinders geskenk; dit is nog nie in die boeke aangeteken nie.

2. 'n Faktuur is van ZZ Vervoerders op 20 Februarie 2005 ontvang vir die vervoer van handelsvoorraad:
   - Na Monare Handelaars, R360
   - Aan kliënte, R680

Kopiereg voorbehou 

3. Die eienaar het op 27 Februarie 2005 handelsvoorraad teen kosprys vir eie gebruik onttrek. Die boekhouer het egter die Onttrekkingsrekening gedebiteer en die Verkoperekening met die verkoopprys, R740, gekrediteer. Korrigeer die fout.

4. Goedere ten bedrae van R15 480 is aan verskaffers teruggestuur gedurende die rekeningkundige tydperk.

5. 'n Faktuur vir goedere verkoop aan R. Radebe is nog nie aangeteken nie. Die verkoopprys van die goedere was R12 000, maar Radebe het gesê dat hy dieselfde goedere by 'n mededinger teen R10 500 kan aankoop. Die winkelassistent, Tume, het toegestem om die prys te ewenaar toe sy die faktuur voorberei het.

6. 'n Fisiese voorraadopname toon die waarde van voorraad voorhande op 28 Februarie 2005 as R160 920.

3.3 **Probleemoplossingsvraag**:

Verwys na VRAAG 3.2. Mark is ontevrede oor die bruto- en netto wins. Hy oorweeg dit om die winsopslag na 30% op die kosprys te vermeerder om sy netto inkomste te verhoog.

3.3.1 Noem TWEE redes waarom jy voel dat Mark ontevrede is met die bruto- en netto wins. (4)

3.3.2 Watter prosedures moet Mark Monare na jou mening volg om die probleem op te los? Noem TWEE geldige opsies wat hy het en bespreek elke opsie kortliks. (8)

**[48]**

## VRAAG 4

**MAATSKAPPY** **(94 punte; 42 minute)**

ACE Beperk is gemagtig met 'n aandelekapitaal van 200 000 gewone aandele met 'n nominale waarde van R5 elk. Die onderstaande inligting is geneem uit die finansiële state op 28 Februarie 2005, **die einde van die finansiële jaar.**

**OPDRAG:**

Bestudeer die inligting om:

4.1 Die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek te voltooi. Saldeer/Sluit die rekeninge af op 28 Februarie 2005.

- Gewone aandeledividenderekening (6)
- Verdelingsrekening (11)

4.2 Bereken hoeveel nuwe aandele op 1 Maart 2004 uitgereik is. (7)

4.3 Voltooi die Nota tot die Kontantvloeistaat vir die rekonsiliasie van netto wins voor belasting en kontant verkry uit bedrywighede vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005. (16)

4.4 Toon die volgende aan soos wat dit in die Kontantvloeistaat sal verskyn:

4.4.1 Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite (10)
4.4.2 Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite (5)

4.5 4.5.1 Voltooi die Rente-op-Leningsrekening (6)
4.5.2 Watter bedrag sal op die gesig (voorkant) van die Kontantvloeistaat verskyn ten opsigte van Rente-op-lening vir die huidige jaar? (2)

4.6 Die direkteure is nie seker of die premie gevra op die verkoop van die nuwe aandele, uitgereik op 1 Maart 2004, gepas is of nie.

4.6.1 Bereken die Netto Batewaarde per aandeel op 28 Februarie 2004, dit is die vorige finansiële jaar. (6)
4.6.2 Was die direkteure, na jou mening, reg om die aandele teen 650 sent op 1 Maart 2004 uit te reik? Neem in aanmerking dat die netto batewaarde vir die huidige jaar 615 sent was. Gee TWEE redes vir jou antwoord. (6)

4.7 Opbrengs op Aandeelhouersbelang:

4.7.1 Gee EEN rede waarom hierdie verhouding vir die aandeelhouer belangrik is. (2)
4.7.2 Bereken die Opbrengs op Aandeelhouersbelang vir 2005. (5)
4.7.3 Lewer kortliks kommentaar oor jou bevinding in VRAAG 4.7.2 as die Opbrengs op Aandeelhouersbelang in 2004 18,25% was. (2)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

4.8 Skuld/Eienaarsbelangverhouding

4.8.1 Bereken die Skuld/Eienaarsbelangverhouding vir die huidige rekeningkundige tydperk. (4)

4.8.2 Indien die Opbrengs op Kapitaal Aangewend 16% in 2004 was, lewer kortliks kommentaar oor die Skuld/Eienaarsbelangverhouding vir 2005. (6)

**INLIGTING:**

| ***Uittreksel uit:* INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2005** | |
|---|---|
| Omset | 1 500 000 |
| Belasting | 32 000 |
| Waardevermindering vir die huidige jaar | ? |
| Rente op lening: Good Bank | 14 400 |

| ***Uittreksel:* BALANSSTAAT** | **2005 28 Februarie** | **2004 28 Februarie** |
|---|---|---|
| VASTE BATES | | |
| Vaste bates teen drawaarde | 820 000 | 680 000 |
| | | |
| BEDRYFSBATES | 170 800 | 114 750 |
| Voorraad/inventarisse | 86 000 | 60 000 |
| Handelsdebiteure | 76 000 | 54 000 |
| Opgelope inkomste | 500 | 750 |
| Kontant en kontantekwivalente | 4 300 | 0 |
| SAID: Inkomstebelasting | 4 000 | 0 |
| | | |
| AANDEELHOUERSBELANG | 590 000 | 480 000 |
| Gewone aandelekapitaal (Pari-waarde R5 per aandeel) | ? | 400 000 |
| Aandelepremie | ? | 0 |
| Behoue inkomste | 86 000 | 80 000 |
| | | |
| NIE-BEDRYFSLASTE | | |
| Lening: Good Bank (12% p.j.) | 140 000 | 100 000 |
| | | |
| BEDRYFSLASTE | 260 800 | 214 750 |
| Handelskrediteure | 201 800 | 169 150 |
| SAID: Inkomstebelasting | 0 | 8 800 |
| Oortrokke bank | 0 | 2 800 |
| Aandeelhouers vir dividende | 57 600 | 32 000 |
| Opgelope uitgawes: Rente op lening | 1 400 | 2 000 |

## ADDISIONELE INLIGTING:

1. **Vaste bates:**

Vaste bates bestaan slegs uit Grond en Geboue en slegs **een voertuig**. Daar is gedurende die jaar uitbreidings aan die geboue gedoen en een voertuig is op 28 Februarie 2005 teen boekwaarde verkoop. Besonderhede van die voertuig verkoop verskyn soos volg in die Vaste Bateregister op datum van verkope:

| | |
|---|---|
| Kosprys | R200 000 |
| Opgehoopte waardevermindering tot op datum (28 Februarie 2005) | R128 000 |
| Wins/Verlies gemaak | Nul |
| Waardeverminderingskoers | 12% op kosprys |

2. **Gewone aandelekapitaal en gewone aandeledividende:**

- Alle aandele uitgereik tot op 28 Februarie 2004 is teen pari-waarde uitgereik.
- Bedrae verskuldig aan aandeelhouers vir dividende vir 2004 is op 10 April 2004 betaal.
- Nuwe aandele uitgereik op 1 Maart 2004 is teen 'n premie van R1,50 elk uitgereik.
- 'n Interim dividend van R14 400 is op 1 Oktober 2004 verklaar en is op 15 Oktober 2004 betaal.
- 'n Finale dividend is op 28 Februarie 2005 verklaar.

3. **Lening: Good Bank**

- Die lening is op 1 September 2004 verhoog.
- Rente is bereken op 12% p.j. vir die huidige jaar.

**94**

## VRAAG 5

**KLUB** **(74 punte; 34 minute)**

'n Vloed het die rekords van Diphala Sokkerklub vernietig.

**OPDRAG:**

5.1 Voltooi die volgende rekeninge in die **Algemene Grootboek** van Diphala Sokkerklub. Saldeer/Sluit die rekeninge af op 31 Desember 2004.

- Ledegeldrekening (15)
- Sokkeraandenkings (Hierdie is 'n nominale rekening wat die wins/ verlies op die verkoop van aandenkings moet toon.) (12)

5.2 Gebruik die inligting om die **Staat van Ontvangste en Betalings** vir die jaar geëindig 31 Desember 2004 op te stel. (Waar grootboekrekeninge nie verlang word nie, moet berekeninge tussen hakies getoon word.) (47)

**INLIGTING:**

| **DIPHALA SOKKERKLUB<br>STAAT VAN INKOMSTE EN BETALINGS<br>VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 2004** | |
|---|---|
| **INKOMSTE** | **414 100** |
| Ledegeld | 112 800 |
| Wins op verkoop van sokkeraandenkings | 45 300 |
| Kontantdonasie van die munisipaliteit | 66 000 |
| Huurinkomste: Sokkerstadion | 190 000 |
| **UITGAWES** | **(283 940)** |
| Ledegeld afgeskryf | 200 |
| Salarisse en lone | 36 000 |
| Onderhoud van stadion | 52 928 |
| Water en elektrisiteit | 9 000 |
| Skryfbehoeftes | 2 656 |
| Telefoon | 1 376 |
| Versekering | 21 280 |
| Waardevermindering op sokkertoerusting | 160 500 |
| **SURPLUS VAN ALGEMENE AKTIWITEITE** | **130 160** |
| Rente op vaste deposito | 1 375 |
| **NETTO SURPLUS VIR DIE JAAR** | **131 535** |

**DIPHALA SOKKERKLUB**
**LYS VAN SALDO'S**

| | | 31 Des. 2004<br>R | 31 Des. 2003<br>R |
|---|---|---|---|
| Kapitaalfonds | | 13 145 015 | 13 013 480 |
| Sportstadion | | 12 000 000 | 12 000 000 |
| Sokkertoerusting | | 1 600 000 | 1 300 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op sokkertoerusting | | (440 500) | (280 000) |
| Vaste deposito (10% p.j.) | | 10 000 | 15 000 |
| Inventarisse | 1 | 4 650 | 8 980 |
| Ontvangbares | 2 | 2 580 | 4 100 |
| Kontant en kontantekwivalente | | 172 385 | 1 200 |
| Betaalbares | 3 | 204 100 | 14 000 |
| Oortrokke bank | | 0 | 21 800 |

| 1 | INVENTARISSE BESTAAN UIT: | 31 Des. 2004<br>R | 31 Des. 2003<br>R |
|---|---|---|---|
| | Voorraad sokkeraandenkings | 4 000 | 8 000 |
| | Verbruiksvoorraad voorhande: Skryfbehoeftes | 650 | 980 |
| | | 4 650 | 8 980 |

| 2 | ONTVANGBARES BESTAAN UIT: | 31 Des. 2004<br>R | 31 Des. 2003<br>R |
|---|---|---|---|
| | Opgelope inkomste: Ledegeld | 800 | 2 400 |
| | Vooruitbetaalde uitgawes: Versekering | 1 780 | 1 700 |
| | | 2 580 | 4 100 |

| 3 | BETAALBARES BESTAAN UIT: | 31 Des. 2004<br>R | 31 Des. 2003<br>R |
|---|---|---|---|
| | Krediteure | 200 000 | 10 000 |
| | Vooruitontvange inkomste (Uitgestelde): Ledegeld | 2 600 | 3 000 |
| | Opgelope uitgawes: Salarisse en lone | 1 500 | 1 000 |
| | | 204 100 | 14 000 |

Kopiereg voorbehou 

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Sokkertoerusting is op krediet aangekoop van NNN Sport Voorsieners, R300 000.

2. Een van die vaste deposito's verval op 1 Oktober 2004. Die bedrag is op dieselfde dag in die lopende bankrekening gedeponeer.

3. 'n Kontantdonasie van R66 000 is van die munisipaliteit ontvang.

4. Die klub hou 'n voorraad aandenkings vir verkoop aan die lede. Die aandenkings bestaan uit vuvuzelas, hoede, kentekens en sambrele. Bogenoemde is op krediet deur die klub aangekoop, R60 000, asook vir kontant, R40 000. Aandenkings word slegs vir kontant deur lede aangekoop.

5. Daar is geen ander kredietaankope gemaak nie.

**74**

*Kopiereg voorbehou* 

## VRAAG 6

**BESLOTE KORPORASIE** **(67 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot MP HANDELAARS, 'n beslote korporasie, vir die jaar geëindig 30 Junie 2005. Die boekhouer het die netto inkomste op R333 000 bereken, maar sommige van die aansuiwerings is nie in berekening gebring nie.

Die belang van die twee lede in die beslote korporasie is M. Minnie, 55% en A. Pillay, 45%.

## OPDRAGTE:

Gebruik die inligting verskaf om:

6.1 Die korrekte **netto inkomste na belasting** vir die jaar geëindig 30 Junie 2005 te bereken. Gebruik die boekhouer se bedrag van R333 000 as jou aanvangsyfer. (23)

6.2 Berei die volgende **Notas tot die Finansiële State** voor:

6.2.1 Behoue inkomste (9)

6.2.2 Handels- en ander krediteure (19)

6.3 Voltooi slegs die Ekwiteit (Fondse)- en Laste-afdeling van die **Balansstaat** op 30 Junie 2005. (16)

**LET WEL:**

- **Waar van toepassing, moet berekeninge tussen hakies getoon word om deelpunte te verdien.**

**INLIGTING:**

| *UITTREKSEL*: SALDO'S IN DIE ALGEMENE GROOTBOEK 30 JUNIE 2005 | | |
|---|---|---|
| | **Debiet** | **Krediet** |
| Ledebydraes | | 613 400 |
| Behoue inkomste (1 Julie 2004) | | 120 000 |
| Toerusting | 132 800 | |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Julie 2004) | | 123 000 |
| Handelsvoorraad | 180 000 | |
| Debiteurekontrole | 66 000 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 3 000 |
| Oortrokke bank | | 113 500 |
| Lening aan lid: M. Minnie (12% p.j.) | 30 000 | |
| SA Inkomstediens: Inkomstebelasting | 86 500 | |
| SA Inkomstediens: LBS | | 12 000 |
| Krediteure vir salarisse | | 36 000 |
| Lening van lid: A. Pillay (10% p.j.) | | 137 700 |
| Krediteurekontrole | | 40 200 |

**AANSUIWERING EN ADDISIONELE INLIGTING**

**DIE NETTO INKOMSTE VAN DIE BESLOTE KORPORASIE VOOR BELASTING WAS R333 000 <u>VOOR</u> DIE VOLGENDE IN AANMERKING GENEEM IS:**

1. Die boekhouer het nie die waardevermindering op toerusting teen 10% p.j. jaar op die kosprys in berekening gebring nie.

   **LET WEL**: Die toerusting is baie oud en nader die vervangingsdatum.

2. Die LBS-aftrekking van een werknemer is verkeerd bereken in die Salarisjoernaal van Junie 2005. 'n Bedrag van R2 000 is afgetrek, maar die korrekte bedrag is R1 200.

3. Daar is vasgestel dat 'n tjek vir R50 000, gedateer 15 Julie 2005, uitgereik aan WE Bouers op 10 Junie 2005, in die Kontantbetalingsjoernaal op daardie datum aangeteken is. Die tjek was ten opsigte van uitbreidings aan die geboue wat in Junie 2005 voltooi is.

4. Volgens die leningsooreenkoms moet lid A. Pillay R48 000 plus rente jaarliks op 30 Junie betaal. Op 30 Junie 2005 het die boekhouer die volgende inskrywing gemaak:

| | | |
|---|---|---|
| Lening: A. Pillay | Dt | R60 300 |
| Bank | Kt | R60 300 |

Hierdie bedrag sluit die rente op die lening, R12 300, vir die rekeningkundige tydperk in.

5. 'n Brand het voorraad wat R5 000 kos, vernietig. Die ABC Versekeringsmaatskappy het ingestem om 40% van die eis te betaal, aangesien die onderneming onderverseker was. Die onderneming het nog nie die tjek van die versekeringsmaatskappy ontvang nie.

6. 'n Fisiese voorraadopname het die waarde van die voorraad voorhande, as R172 500 getoon.

7. Die voorsiening vir oninbare skulde moet verminder word na R2 800.

8. Die inkomstebelasting vir die rekeningkundige tydperk bedra R99 000.

9. 'n Tussentydse verdeling van wins, R45 000, is verklaar en betaal in Desember 2004. 'n Finale verdeling van R95 000 is op 30 Junie 2005 verklaar en dit sal op 15 Julie 2005 betaal word en tussen die lede volgens die ooreengekome verhouding verdeel word.

**67**

## VRAAG 7

**KONTANTBEGROTING** **(32 punte;14 minute)**

Dudu Mogase beoog om 'n onderneming, Finale Handelaars, te begin.

**OPDRAG:**

7.1 Bestudeer die inligting verskaf van sy kontantbegroting vir die eerste drie maande van handel dryf en beantwoord die vrae wat volg.

**INLIGTING:**

**FINALE HANDELAARS**
**KONTANTBEGROTING VIR FEBRUARIE TOT APRIL 2006**

| KONTANTONTVANGSTE | 2006 28 Februarie | 2006 31 Maart | 2006 30 April |
|---|---|---|---|
| Kapitaalbydrae | 196 000 | | |
| Kontantverkope | 270 000 | 275 400 | 280 908 |
| Invorderings van debiteure | 0 | 54 000 | 88 380 |
| Lening: Karen-E Bank 18% p.j. | 144 000 | 0 | 0 |
| TOTALE ONTVANGSTE | 610 000 | 329 400 | 369 288 |
| **KONTANTBETALINGS** | | | |
| Kontantaankope van voorraad | 90 000 | 91 800 | 93 636 |
| Betalings aan krediteure | 0 | 86 400 | 88 128 |
| Grond en geboue | 300 000 | 10 000 | 10 000 |
| Toerusting | 50 000 | 15 000 | 15 000 |
| Advertensie | 30 000 | 0 | 0 |
| Onttrekkings | 18 000 | 18 000 | 18 000 |
| Rente op lening | 0 | 2 160 | 2 160 |
| Salaris van die vloerbestuurder | 10 000 | 10 000 | 10 000 |
| Loon van die 3 winkelassistente | 9 000 | 9 000 | 9 000 |
| Ander oorhoofse koste | 76 600 | 53 000 | 45 000 |
| TOTALE BETALINGS | 583 600 | 295 360 | 290 924 |
| KONTANTSURPLUS (TEKORT) | 26 400 | 34 040 | 78 364 |
| BANK (Aanvangsaldo) | 0 | 26 400 | 60 440 |
| BANK (Eindsaldo) | 26 400 | 60 440 | 104 764 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

Dudu Mogase beplan om 'n winsopslag van 100% op kosprys te gebruik en hy verwag die volgende verkoopsyfers:

| | |
|---|---|
| Februarie 2006 | R360 000 |
| Maart 2006 | R367 200 |
| April 2006 | R374 544 |

Hy sal maandeliks sy voorraad vervang en beoog om die handelsvoorraadsaldo op R216 000 te hou.

**BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:**

7.1.1 Bestudeer die begrote bedrag vir advertensiekoste van Finale Handelaars. Stem jy saam met Dudu se beoogde advertensieplan? Lewer kortliks kommentaar. (4)

7.1.2 Dudu voel dat hy nie met die begrote bedrag vir onttrekkings van R18 000 per maand sal uitkom nie. Hy wil sy onttrekkings met 50% vermeerder. Dink jy dat dit 'n geldige opsie vir Dudu is? Verduidelik. (4)

7.1.3 Watter persentasie van sy verkope sal op krediet wees? Toon jou berekeninge. (5)

7.1.4 Dudu sal die krediteure na 30 dae betaal. Bereken die persentasie kontantkorting wat hy verwag om van hulle te ontvang in Maart 2006? (5)

7.1.5
- Bereken die persentasie van die debiteure wat hulle rekeninge na een maand sal vereffen. Geen korting word aan debiteure toegestaan nie. (4)
- Is die debiteure-invordering na jou mening aanvaarbaar? Verduidelik kortliks. (2)

7.2 Dudu het aan die einde van April 2006, na drie maande se handel dryf, die volgende vasgestel:

| **Item** | **Begrote Syfers** | **Werklike Syfers** | **Persentasie Vermeerdering/ Vermindering** |
|---|---|---|---|
| Totale verkope | R1 101 744 | R1 322 092 | +20% |
| Aankope | R550 872 | R561 889 | +2% |
| Salaris: Bestuurder | R24 000 | R28 800 | +20% |
| Lone: Winkelassistente | R9 000 | R9 000 | 0% |
| Ander oorhoofse uitgawes | R174 600 | R183 330 | +5% |

Bostaande werklike syfers toon dat Dudu moontlik sekere probleme sal ondervind met sy onderneming. Identifiseer en verduidelik TWEE potensiële probleme. Maak voorstelle vir 'n moontlike oplossing vir elke probleem. (8)

**32**

**TOTAAL: 400**

Kopiereg voorbehou

**GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION**
**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**ERRATA FOR WEEK 3**
**ERRATA VIR WEEK 3**

**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION: SUPPLEMENTARY 2006**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN: AANVULLENDE 2006**

**SESSION 23 / SESSIE 23 (am)**

| | | |
|---|---|---|
| 401-1/0A | - | Rekeningkunde HG |
| 401-2/0E | - | Accounting SG |

education

Department:
Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**ERRATA FOR THE SENIOR CERTIFICATE SUPPLEMENTARY EXAMINATION - FEBRUARY/MARCH 2006**

**REKENINGKUNDE HG**

Page 14 **Sport Voorsieners** - one word **Sportvoorsieners**

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**ERRATA FOR THE SENIOR CERTIFICATE SUPPLEMENTARY EXAMINATION - FEBRUARY/MARCH 2006**

**ACCOUNTING SG**

Page 5 3.5 Change **unpaid** cheque - to **A dishonoured** cheque

CENTRE NUMBER/**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

CANDIDATE'S EXAMINATION NUMBER/**KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | |

SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

FEBRUARY/MARCH 2006
**FEBRUARIE/MAART 2006**

DEPARTMENT OF EDUCATION
**DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

ACCOUNTING HIGHER GRADE
**REKENINGKUNDE HOËR GRAAD**

***SPECIAL ANSWER BOOK****/SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

This answer book consists of 18 pages.
**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 18 bladsye.**

| QUESTION **VRAAG** | MARKS **PUNTE** | INITIAL **PARAFEER** | MOD. **MOD.** |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| 7. | | | |
| TOTAL **TOTAAL** | | | |

## QUESTION 1/VRAAG 1

| No./ Nr. | GENERAL LEDGER/ ALGEMENE GROOTBOEK | | | ACCOUNTING EQUATION/ REKENINGKUNDIGE VERGELYKING | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Account debit/ Rekening gedebiteer** | **Account credit/ Rekening gekrediteer** | **Amount/ Bedrag** | **Assets/ Bates** | **Owners' Equity/ Eienaars-belang** | **Liabi-lities/ Laste** |
| e.g. Bv. | Stationery/ Skryfbehoeftes | Bank/ Bank | 200 | | - | + |
| | Trading Stock/ Handelsvoorraad | Bank/ Bank | 600 | + | | + |
| 1 | | | | | | |
| | | | | | | |
| 2 | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| 3 | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| 4 | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| 5 | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| 6 | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| 7 | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

| **TOTAL/ TOTAAL** |
|---|
| |
| **50** |

Copyright reserved/Kopiereg voorbehou 

## QUESTION 2/VRAAG 2

2.1

*Extract:* **ASSET REGISTER BB COURIERS/**
*Uittreksel:* **BATEREGISTER BB COURIERS**

**VEHICLES/VOERTUIE**

**Toyota Hilux: MGN111GP** **COST PRICE/KOSPRYS: R180 000**

**Date purchased: 1 September 2002** **DATE SOLD: 31 May 2004**
**Datum aangekoop: 1 September 2002** **DATUM VERKOOP: 31 Mei 2004**

**DEPRECIATION: 20% p.a. on diminishing balance method/**
**WAARDEVERMINDERING: 20% p.j. op die verminderdesaldo-metode**

| Date/ Datum | Calculation/ Berekening | Depreciation/ Waardevermin-dering | Accumulated depreciation to date/ Opgehoopte waardevermin-dering tot op datum |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 18 |

| 2.2 PROFIT/LOSS ON SALE OF ASSET/<br>2.2 WINS/VERLIES OP VERKOOP VAN BATE | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| 8 |

| **2.3 CARRYING VALUE VEHICLES – 28 FEBRUARY 2005/**<br>**2.3 DRAWAARDE VOERTUIE – 28 FEBRUARIE 2005** | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

*Marks/ Punte*

| |
|---|
| |
| **9** |

| **TOTAL/ TOTAAL** |
|---|
| |
| **35** |

